

## **Maak Jou Eie Piekniektafel Vir Buite Kuier.**

Die piekniektafel kan jy self maak en die hele jaar buite gebruik.

### **Materiaal:**

Vir 'n tafel 1,625 m breed, 1,826 m diep en 720 mm hoog. Al die rugesaagde dennestukke se mate sluit 'n lengte afvalhout in.

Dennehout: 12 stukke, elkeen 2 m lank, 150 mm breed en 22 mm dik (tafelblad en sitplekke, dwarssteunplanke);

Dennehout: 2 stukke, elkeen 2 m lank, 100 mm breed en 50 mm dik (pote);

Dennehout: 4 stukke, elk 2 m lank, 75 mm breed en 20 mm dik (diagonale verspanstukke en dwarspanplanke);

Gegalvaniseerde waboute: 16 boute, 85 mm lank met 16 moere en wassers;

Sinkgeplateerde kruispuntversinkskroewe: 100 x 38 mm nr. 8, 100 x 50 mm nr. 8;

Kleurlose preserveermiddel.

### **Gereedskap:**

Potlood, liniaal, maatband, passer, swei, winkelhaak, twee draagbare werkbanke, dwarssaag, groot klamp, elektriese uitsnysaag, laaghoutwerkbord ongeveer 1 m vierkant, sleutel vir boute, koordlose elektriese boor met kruispunt-skroewedraaierpunt, gepaste boorpunte vir die skroef-grootte, bout-en dekoratiewe gate, elektriese skuurder en 'n pak mediumgraad skuurpapier, verfkwas (40 mm).



### **Metode:**

- 1.) Saag die planke na regte lengte met die dwarssaag en teken patrone. Klamp werkstukke aan die werkbank vas en saag patroon met die uitsnysaag. Werk van die kant na die middel.
- 2.) Lê die laaghoutwerkbord plat op die grond om die dele te steun en bout al die pote en dwarssteune aanmekaar. Gaan dit na met 'n winkelhaak. Die dele is met 'n 150 mm wye plank gespaas. Verbind die pote deur die twee buitenste sitplekplanke met 'n enkele 50 mm skroef by elke las vas te skroef.
- 3.) Beweeg die raam tot identiese diagonale mate wys dat hy haaks is, en draai dan die ander 50 mm skroewe in. Skroef al die ander sitplek- en tafelbladplanke met 50 mm skroewe vas.
- 4.) Skroef 'n dwarsspanplank met 38 mm skroewe aan die onderkant van die tafelblad vas, met die skroewe weg van die middelpunt af.
- 5.) Boor 'n gat vir die sonsambreel.
- 6.) Skroef die diagonale verspanstukke met 50 mm skroewe vas.
- 7.) Skroef die dwarsspanplanke met 38 mm skroewe onder aan die sitplekke vas en saag en keep die twee diagonale verspanstukke sodat hulle in die middel styf teenmekaar kan pas.
- 8.) Skroef die verspanstukke met 50 mm skroewe vas.
- 9.) Skuur die tafel glad af en wend die preserveermiddel aan.

**Bron:** Houtwerk vir die tuin, *Struik*, Alan en Gill Bridgewater.